



## Die regte kennis van die wet

**Skrifgedeelte: Handeling 7:44-53; HK**

**Sondag 2, Vraag 3**

**Fokusgedeelte: Handeling 7:51**

Dat 'n mens jou sonde en ellende uit die wet van God leer ken, word in die Skrif baie duidelik aangetoon. Paulus sê: *“Deur die wet leer 'n mens wat sonde is”* (Rom. 3:20). En ook: *“Ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: ‘Jy mag nie begeer nie’”* (Rom. 7:7). Kennis van die wet van God is vir die Christen van die allergrootste belang. Die wet is soos 'n spieël. Soos 'n mens in 'n spieël kan sien hoe vuil of skoon jy is, so kan 'n mens in die lig van die wet sien hoe sondig jy is.

Tog is daarmee nie alles gesê nie. In 'n sekere sin is dit selfs so dat 'n mens jou sonde nie uit die wet van God kan ken nie – altans nie daaruit alleen nie. As die Heilige Gees nie 'n mens se verstand verlig om die werk-like betekenis van die wet van God reg te verstaan nie, sal dit nie moontlik wees om jou sonde en ellende daaruit te ken nie. Daarvan is daar verskeie voorbeelde in die Skrif. Die aandag word hier net op een daarvan gevestig: die toespraak van Stefanus (Hand. 7).

Stefanus staan as aangeklaagde voor die Joodse regbank. En wie is die regters? Die Joodse Raad wat Fariseërs, Sadduseërs, skrifgeleerdes en priesterhoofde insluit – *almal mense wat daarop geroem het dat hulle die wet*

*ker!* Tog sê Stefanus aan hulle: *“Julle hardkoppiges! Julle is heidens in julle harte. Julle is doof vir die woord van God. Julle weerstaan altyd die Heilige Gees”* (Hand. 7:51). Die regters wat in die Naam van God die vonnis moet fel, word hier ontmasker as mense wat self die wet van God nie ken nie en verder ook nog as wetsoortreders.

Hulle weerstaan die Heilige Gees, daarom verstaan hulle nie die wet van God nie en gehoorsaam hulle dit ook nie. Daarom was dit vir hulle onmoontlik om hulle sonde en ellende uit die wet van God te ken. Op dié wyse het hulle vir hulleself en ander die pad na die verlossing deur Christus geblokkeer. Hieruit is dit duidelik dat om jou sonde en ellende werklik te ken, 'n mens nie net die Woord moet bestudeer nie, maar ook volhardend moet bid dat God sy Heilige Gees aan ons moet gee. Hy sal ons help om die ware betekenis van die wet reg te verstaan.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: E43